## AP Formele Assesseringsprogram: Projek 50 punte

*Leerdersboek bladsy 193, Oefeningboek bladsy 126*

### Riglyne om hierdie aktiwiteit te implementeer

- Die projek vereis dat leerders gepubliseerde Finansiële State van 'n maatskappy moet vind.
- Hulle moet vrae oor die state kan beantwoord.
- Hierdie aktiwiteit kan in groepe van nie meer as drie leerders nie gedoen word, maar alle leerders en die onderwyser moet bewus wees dat elke leerder van die groep voldoende moet bydra. Die onderwyser mag versoek dat elke lid van die span verklaar en teken wat hulle verantwoordelikheid was.
- Verduidelik die rubriek aan die leerders.
- Die projek moet binne 'n gegewe tyd in Kwartaal 1 uitgehandig word en ingehandig word in Kwartaal 2.

Werk in groepe en, met die bystand van jou onderwyser, kies 'n publieke maatskappy gelys op die JSB. Verkry die mees onlangse gepubliseerde Finansiële State van die maatskappy. Jy kan dit of in koerante vind, of op die Internet of direk by die maatskappy. Die Finansiële State moet nagevors, ontleed word en 'n verslag moet opgestel word met die belangrike punte hieronder genoem. Die terugvoer van die groep kan gedoen word deur gebruik te maak van grafieke, PowerPoint-aanbiedings, of plakkate. Jou terugvoersessie is beperk tot 5 minute.

### Algemene inligting

- Die maatskappy naam.
- Noem die finansiële jaareinde.
- Noem die finansiële tydperk.
- Voorsien bewyse dat hierdie 'n publieke maatskappy is.
- Noem die produk, of diens, wat die maatskappy verkoop.
- Is hierdie 'n SA maatskappy? Indien nie, waar is die maatskappy se hoofkantoor?
- Noem die voordeel vir die gewone Suid-Afrikaanse burger.

### Oudit van Finansiële State

- Is die Finansiële State ge-oudit? Gee 'n rede vir jou antwoord.
- Noem die naam van die ouditeure.
- Bespreek die rol van die onafhanklike ouditeur.
- Bespreek die verskille tussen interne en eksterne ouditeure.
- Is dit 'n gekwalifiseerde of ongekwalifiseerde verslag? Gee redes vir jou antwoord.
- Noem hoekom die Ouditverslag aan die aandeelhouers gerig is.
- Hoekom noem die ouditeure die bladsynommers … tot …?
- Hoekom sluit die ouditeure die sin *'die voorbereiding van die Finansiële State is die verantwoordelikheid van die direkteure'* in?
- Bespreek die konsep *redelike weergawe* in die ouditeur se verslag.
- Verduidelik sommige van die dissiplinêre en strafmaatreëls vir nie-nakoming van die etiese kode en die rol van professionele liggame (e.g. SAICA).
- Waarom is dit belangrik om die Finansiële State van die maatskappy te oudit?

© Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk 2013. Hierdie voorlegging mag slegs vir gebruik in klaskamers gedruk en vertoon word.